

Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
Faks (041) 3652586
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045

Uitnemendheid begin by omgee

NUUSBRIEF 29

30 Augustus 2019

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

BASAAR
Die skool se jaarlikse basaar vind vanmiddag plaas van 15:00 tot 19:00. **Die speletjies begin 13:00 en die verkope om 15:00.** Voorlopig baie dankie vir u ondersteuning.

GESINSKAMP 6 SEPTEMBER 2019
Ons gesinskamp wat by Willows gaan plaasvind, is om die draai en besprekings het vandag gesluit. U sal vroeg volgende week ‘n brief ontvang wat al die reëlings aan u gaan deurgee.

KLERE- EN NETHEIDSINSPEKSIE: DONDERDAG, 5 SEPTEMBER 2019
Dit het onder ons aandag gekom dat sommige van ons leerders in die middae gesien word, geklee in skoolklere, maar nie volgens die skoolreëls nie. Onthou asseblief dat solank 'n kind sy/haar skooldrag aan het, ALLE skoolreëls van toepassing is.

Op Donderdag, 5 September, gaan daar vanaf graad 1 tot graad 7 ‘n klere- en netheidsinspeksie plaasvind. U moet asseblief u kind hiermee help. Maak asseblief seker dat u kind sy/haar volledige wintersuniform aan het, dat dit skoon is en al die nodige knope op die baadjie, hemp, ens. aangewerk is. U kind se klere moet ook asseblief gemerk wees. **U kind sal ’n inskrywing op sy/haar kommunikasiekaart kry indien daar nie aan die vereistes voldoen word nie.**

Dankie vir u ondersteuning in hierdie verband.

KUNS
Andrie verlaat ons aan die einde van die derde kwartaal na 12 jaar om by haar gesin in Knysna, aan te sluit. Die kunsgroepie gaan voort sonder onderbreking op Maandae en Dinsdae soos tans die geval is.

Ons wil graag vir Andrie bedank vir haar waardevolle bydrae en ondersteuning die afgelope 12 jaar in die ontwikkeling van kinderkuns by Laerskool Newtonpark.

Vele kinders het pryse by plaaslike kunskompetisies en eistedfodd behaal en plaaslike skole op die voorgrond geplaas in kinderkuns. Andrie gaan ‘n groot leemte laat.

VAKANSIENASORG: SEPTEMBER 2019
Ons bevestig graag dat die Septembervakansienasorg wel voortgaan.

Indien u kind nie in ons nasorg is nie en u wil graag daarvan gebruik maak stuur asb. e-pos na admin@lnpark.co.za om vorm aan te vra.

Die voorgestelde tydperk is:

1. 23 September tot 27 September (4 dae). (Skole sluit Vrydag, 20 September 2019 en Dinsdag, 24 September is Erfenisdag.)
2. U moet asseblief ook onderneem om die nasorgtye nl. 07:30-17:30, stiptelik te eerbiedig.

Die tarief beloop R 200 per kind (R 350 vir 2 kinders) en is vooruitbetaalbaar.

Slegs leerlinge wie se vakansienasorggeld teen 20 September 2019 inbetaal is, sal toegelaat word. Geen laat inskrywings sal aanvaar word nie, want ons reël toesig volgens die inskrywings tot 20 September.

LAERSKOOL NEWTONPARK FACEBOOKBLAD
Besoek gerus ons skool se amptelike facebookblad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto's te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

TOELATING 2020: GRAAD 2 – 7
Op Dinsdag, 9 Julie 2019 is daar 'n brief aan elke ouer in verband met bogenoemde gestuur. Die personeelvoorsiening van Laerskool Newtonpark is afhanklik van ons jaarlikse inskrywings. Ons versoek u om asb. die skeurstrokie, onderaan daardie brief, te voltooi en onverwyld saam met R700 reserveringsfooi (per kind) skool toe stuur om sodoende te verseker dat u kind(ers) 'n plek het.
Die bedrag is voor/op 30 September 2019, betaalbaar. Hierdie bedrag is nie-terugbetaalbaar en sal as deel van die eerste betaling dien op u kind(ers) se skoolgelde vir 2020. Sodra die betaling ontvang word, sal u kind(ers) se inskrywing as afgehandel beskou word.

SKOOLGELDE 2019
Baie dankie aan al die ouers wat gereeld hul skoolgelde betaal. Ek wil tog 'n vriendelike beroep doen op diegene wat agterstallig is, om die verpligting wat betref u kind se skoolgelde, so spoedig moontlik na te kom. Die skool is verantwoordelik vir sy eie rekeninge, want ons kry **minimale** hulp van die staat. Indien daar nie deur ouers gereageer word deur hul skoolgelde te betaal nie, sal die beheerliggaam genoodsaak wees om verdere stappe te neem. Die betaling van skoolgelde is 'n wetlike verpligting (staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

ELEKTRONIESE BETALINGS

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en/of u kind se naam en van verskaf.

'n Bewys van betaling moet per e-pos na fin@lnpark.co.za gestuur word.

Ek het nagedink oor wat ek gesien het. Ek het iets daaruit geleer.
Spreuke 24:34

Elke opdrag is 'n selfportret van die persoon wat dit doen. Onderteken jou werk met voortreflikheid.
Erik Erikson

JJ. Pienaar
SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 084693531

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:

Die volgende **datums moet u asseblief op u kalender aanteken:**

Ma – 2 September	:	Klerewinkel: **07:30 – 12:00** Kuns graad R – 2: **13:30 – 14:30** Kuns graad 3: **14:00 – 15:00** Kuns graad 4 – 7: **14:15 – 15:00**
Di – 3 September	:	Tennis: Handhaaf A teen LNP snr. A **(by Collegiate)** Tennis: St. Joseph's A teen LNP snr. B **(w)** Tennis: LNP jnr. A teen Mount Pleasant A **(t)** Tennis: Charlo teen jnr. B **(w)** Kuns graad R – 2: **13:30 – 14:30** Kuns graad 3: **14:00 – 15:00** Kuns graad 4 – 7: **14:15 – 15:00** Skaak: graad 1 – 2: **13:30 – 14:15** Skaak: graad 3 – 7: **14:20 – 15:15**
Wo – 4 September	:	**TOETS:** NW/Teg. graad 4 – 6 **TOETS:** Teg. graad 7 Klerewinkel: **12:00 – 14:30**
Do – 5 September	:	Netheidsinspeksie Handig biblioteekboeke in Dance Kids-ballet graad R: **13:15**
Vr – 6 September	:	**TOETS:** Geskiedenis graad 4 – 6 Klerewinkel: **07:30 – 12:00** Gesinskamp: Willows
Sa – 7 September	:	Gesinskamp: Willows
So – 8 September	:	Gesinskamp: Willows

SPORT & KULTUUR

TENNIS

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
27 Augustus	LNP Snr. B	Mount Pleasant	LNP wen met 4 potte

WOW SPELFEES : PROVINSIAAL
Baie geluk aan die deelnemers wat Saterdag, 24 Augustus, aan die provinsiale rondte deelgeneem het. Hulle het baie ure spandeer om die spelwoorde onder die knie te kry.
Deelnemers:
Graad 4: Pippa Nel en Mikayla van den Berg
Graad 5: Jamie-Lee Bester en Tiaan Riekert

SPUR SCHOOLS MOUNTAINBIKE LEAGUE
Twané Basson in graad 3B het verlede week aan die Spur Schools Mountainbike League deelgeneem en in haar ouderdom kategorie 8 – 10 jaar, 'n tweede plek behaal en 'n silwer medalje verwerf.
Baie geluk!

FRIENDLY CITY DANCE FESTIVAL : 17 AUGUSTUS 2019
Mieke Loots in graad 2C het op Saterdag, 17 Augustus, aan die Friendly City Dance Festival by Walmer School of Dance deelgeneem. Haar groep het 'n silwer medalje verwerf vir hulle groep dans "Swans".
Baie geluk!

SUNDAYS RIVER VALLEY ARTS AND CULTURAL FESTIVAL
Mikayla van den Berg het Saterdag, 17 Augustus 2019, aan die Sundays River Valley Arts and Cultural Festival aan die Kata en Kumutei afdeling deelgeneem en 'n 3de plek (brons medalje) vir Kata behaal.
Baie geluk!

MADIBAZ SPRING GALA : JÉAN KOLESKY
Jéan Kolesky in graad 7E het die naweek van 23 – 24 Augustus 2019 aan die Nelson Mandela Universiteit se Spring Gala deelgeneem en die volgende posisies behaal:

Vryslag relay : 2de plek – silwer medalje
50m Vryslag : 4de plek in sy uitdunne
50m Borsslag : 4de plek
100m Borsslag : 5de plek
100m Vryslag : 6de plek
Baie geluk!

MADIBAZ SPRING GALA : JUWAN WIUM
Juwan Wium in graad 7D het die naweek van 23 – 24 Augustus 2019 aan die Nelson Mandela Universiteit se Spring Gala deelgeneem en die volgende posisies behaal:

50m Borsslag : 1ste
100m Borsslag: 1ste
200m Borsslag : 1ste
50m Rugslag : 2de
100m Rugslag : 2de
200m Rugslag : 1ste
50m Vlinderslag : 3de
200m Men 11-12 Free Relay : 1ste
200m Mixed Free Relay : 3de
200m Mixed Medley Relay : 1ste

Juwan het vir 10 items ingeskryf en het 6 goud, 2 silwer en 2 brons medaljes altesaam verwerf. Hy het ook die 2de meeste punte vir sy swemklub aangeteken vanuit 52 seuns tussen die ouderdom van 6 – 18jaar oud wat geswem het en 4de vanuit al die seuns swemmers wat die naweek deelgeneem het.
Baie geluk met hierdie uitstaande prestasies!